**Donderdag 11 Julie**

| Skrifgedeelte: Johannes 7:25-52 | Fokusgedeelte: Johannes 7:37-39 |
|---|---|

## Jesus Christus is die lewende water!

Daar is vir my niks aanskouliker as die sluise van ’n dam wat ná ’n goeie reëntyd oopgemaak word om die massas water te laat uitvloei nie. Dit herinner my net weer: Water gee lewe. Sonder water sterf mens en dier en plant. Sonder water is daar geen lewe nie.

Tydens die Loofhuttefees leer Jesus die feesgangers dat Hy die eintlike inhoud van die fees is. Meer nog, Hy sal strome lewende water uit almal laat vloei wat in Hom glo. Die Loofhuttefees was ’n fees van die waters. Deur die hele geskiedenis van die HERE se volk het Hy hulle dikwels met waterwonders versorg. Selfs deur die woestyn. By die Loofhuttefees herdenk die volk die letterlike watervoorsiening. Jesus wys dan op die dieper betekenis van die fees. Die geestelike watervoorsiening. Hy is die lewende water.

Wat gebeur as jy die geestelike water drink? Strome lewende water vloei uit jou. Jy word self ’n bron van lewende water.

Tog is dit nie heeltemal korrek nie. Daar is net een Bron van lewende water, naamlik Jesus self. Wanneer ons in Jesus Christus glo, omskep Hy ons lewe tot ’n stroom lewende water. Hy gee die Heilige Gees as geskenk aan ons almal. Die Heilige Gees laat ons inskakel by die Bron van alle lewende water. En by Hom sal jy nooit weer dors kry nie.

Maar let op: Jesus sê ons is strome lewende water, nie damme nie. Ons ontvang genade op genade uit die HERE se hand en moet daarom ook die sluise van ons harte wawyd oopmaak sodat sy lewende water deur ons na ander kan vloei. By Hom is daar nooit ’n tekort nie, want deur die werk van die Heilige Gees laat Hy elke dag lewende water in ons instroom. Wees dan kanale waardeur die HERE se lewende water na hierdie wêreld toe vloei!

*Sing: Skrifberyming 18-6:4, 5*

*Dr. De W Saaiman (De Wet) (Krugersdorp)*